Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za
- **Besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)

- **Kampterreine:**
  - **Badseloop kampterrein**: *Vir besprekings, kontak **Franscois Genis**, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg Jeugkampterrein: *Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

2 Desember 2016
Nr 45/2016

Sinodale nuus

Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind eers weer op **11 Januarie 2017** plaas.

Neem asb kennis:
Die Sinodehuis sluit op Donderdag, *15 Desember* en open weer Maandag, *9 Januarie 2017*

Kollega nuus

Baie geluk

Rykie Howell [Waterkloof] en **Dawie Marx** het op 26 November in die huwelik getree.

Hospitaal/Siekte

Johan van Loggerenberg [emeritus] ontvang weer chemobehandeling.

Hartseer

Hannes Bezuidenhout [Pietersburg-Noord] se Pa is onlangs oorlede.

Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:

11/12 Frans de Beer [Springbokvlakte, 082 779 4149, ngspringbok@pcwireless.co.za]
12/12 Marius Cornelissen [Raslouw, 082 561 1820, mariusco@lantic.net]
14/12 Albert Siebert [Emeritus, 082 356 1272, siebert.miemie@gmail.com]
15/12 Johan van Loggerenberg [Emeritus, 082 570 2258, johan.werda@gmail.com]
15/12 Arthur Pringle [Emeritus, 082 375 7381, empringle@webmail.co.za]
++
13/12 Rita Bester [Wierdapark, 012-660 0901, besj59@gmail.com]
15/12 Antoinette Opperman [Kameeldrif, 082 335 1156, roelf007@gmail.com]

Gemeente nuus

- **Mootvallei: Vakansieprogram vir kinders tussen die ouderdom van 7 en 14**
  Datum: *12-15 Desember 2016* [08:00-14:00]
  Adres: H/v Louis Trichardtstraat en Morgan Laan, Parktown.
  Navrae: Dr Retha Kruidenier [082 413 8462]; Jan-Mari du Toit [071 687 0357]; dr Jan Botha [076 481 5683]

Nuus uit die kantoor van die Algemene Sinode

Twee prosesse rondom die volgende konsep-wetgewing verg kerke en ander geloofsgroepe se dringende aandag en reaksie:

- *Combating Of Hate Crimes And Hate Speech Bill*.
- *CRL Rights Commission's Report On The 'Commercialisation' Of Religion & Abuse Of People's Belief Systems*
- **Lees Gustav Claassen, *Algemene Sekretaris* se skrywe hier** ...[Kliek hier]

Ander nuus

❖ **Jakaranda Kinderhuis: Liggiefees**

Jakaranda Kinderhuis in Pretoria, hou sedert 2010 in Desember 'n jaarlikse Kersliggie-fees. 21 Huise by die Kinderhuis word versier met miljoene kersliggies, en dan word die terrein vir die publiek oopgemaak om dit te kom besigtig. Daar word ook 'n verskeidenheid van vermaaklikheid aangebied soos straatmusikante, sangers, orkeste, laser vertonings en verskeie ander vermaaklikheid gebeure gedurende die maand.
Wanneer: *1-31 Desember 2016, 19:00-22:00*
Waar: Talitha Kumistraat, East Lynn [tel 012 800 4700]
Besoek: www.jakarandaliggiefees.co.za vir meer besonderhede asook die program.

❖ **Bybel-Media nuus**

In hierdie week se nuus word daar gefokus op die *laaste Kerkbode van 2016*, *Bybelkor-publikasies*, *jongste kategese materiaal*, *'n vakature vir web-joernalis* en nog meer. [Lees hier verder...]

❖ **CLF-nuus: Kersfees is 'n Christusfees**

Met *Little Drummer Boy, White Christmas* van *Boney M* en *Stille Nag* in ons ore, jaag ons van winkel na winkel met ons geskenkelys wat net nie wil korter en beursies wat by elke "tjieng" van die kasregister net leër raak. Ure se be-planning vir 'n oorlaaide Kerstafel en optooi van huise...

Mag hierdie Kersgety vir ons as Christene weer 'n ware Christusfees word wat ons geestelike bekers so sal vul, dat dit oorvloei na almal met wie met ons in aanraking kom

1. Die boodskap van God se liefde, verlossing en genade vir diegene wat hoop verloor het.
2. 'n Omgee-glimlag vir iemand wat verby jou in die straat loop of saam in die hysbak staan.
3. 'n Besoek aan 'n eensame bejaarde op Kersdag
4. Betrokkenheid by 'n omgeeprojek in jou omgewing en hulp met die Kersfunksie of -ete. Jy mag dalk net verras word deur die ware Christusfees wat jy by 'n ete vir haweloses ervaar!

CLF se lektuur kan bydra om ander se lewens hierdie feesseisoen aan te raak. Bestel by 021 873 6964 of e-pos info@clf.co.za of besoek www.clf.co.za. **NB:** Ons kantoor sal gesluit wees vanaf 22 Desember 2016 en heropen 9 Januarie 2017.

❖ **Teo.co.za-nuusbrief**

Vertaalfunksie op die teo-webwerf: Die outomatiese vertaalfunksie verskyn aan die regterkant van die webwerf. Kies die taal van u voorkeur en klik daarop. [Besoek ook http://teo.co.za/]

- **Sentrum vir Spiritualiteit: Jaarkursus in 'n lewe van teenwoordigheid - OOP VIR DIE OOMBLIK**
  Onder leiding van dr Willem Nicol en ds Immanuel van Tonder – In elke moment van elke dag lê diep rykdomme opgesluit. Die kursus word so aangebied dat verskeie fasette van jou menswees daardeur blootgestel kan word aan die transformerende proses van teenwoordigheid. Ons gaan deur verskeie praktiese prosesse oefen om volbewus en

wakker te leef. Die kursus begin met 3 opeenvolgende aanbiedings en daarna 'n maandelikse geleentheid om die proses in jou lewe verder te laat wortel skiet en vrug dra.
Datums op **Donderdae vir 2017**: *26 Januarie, 2 Februarie, 9 Februarie, 9 Maart, 20 April, 18 Mei, 22 Junie, 27 Julie, 31 Augustus, 28 September, 26 Oktober, 23 November*.
Plek: Lynnwood Gemeente Kapel
Tyd: 19:00
Inskrywings: Stuur 'n epos aan bets@nglynnwood.co.za met jou naam en kontak besonderhede.
Navrae: Immanuel van Tonder [0835406015, immanuel@vantonder.org.za] of Willem Nicol [0839667831, wnicol@mweb.co.za].

❖ **ALFA Pastorale Opleiding, Berading en Gemeenskapsentrum** *[Gestig 1987]* bied aan: **'n Jaarkursus in Pastorale Opleiding, berading en gemeenskapsdiens**: *1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018*

- **Status van kursus**: Sertifikaat. Geakkrediteer deur *Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling* van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Pretoria, **120 VBO punte.**
- **Navrae:** *Dr Jan Botha*, tel 012 5463545, sel 0764815683 en e-pos jan@pastoralepraktyk.co.za; *Dr Retha Kruidenier*, tel 012 3291352, sel 0824138462 en e-pos retha@geo-logic.com.
- **Vir registrasie en volledige inligting**, besoek**:** *alfapastoralepraktyk.com.* LW: Registrasie tot en met *29 Februarie 2017.*

❖ **Wêreldbiddag vir Vroue:** *3 Maart 2017*
Tema: "My genade is vir almal"
Hierdie biddag word altyd op die eerste Vrydag in Maart gedenk en volgende jaar is die skrywersland die **Fillipyne**. Hulle het *"My genade is vir almal" ("Am I being unfair to you?"* in Engels) as tema gekies, met Matt 20: 1-16 as teks.

- Kry inligting hier en bestel vroegtydig die brosjure.

❖ **Excelsus nuus**
***André Bartlett**, Hoof van Excelsus skryf soos volg*: "... Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling aan die Fakulteit Teologie by UP) het in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch 'n **Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing** geloods. Die kursus word in die formaat van nege blokke (van 3 dae elk) oor die loop van drie jaar aangebied. Persone wat inskryf, verbind hulle vir die volle drie jaar van die kursus en woon 3 kontaksessies per jaar by. (Sien aangehegte bekendstellingspamflet)

Gebedslys

Hiermee 'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers om enige sake vir voorbidding aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.

- **Adventstyd.**
- **Veldtog vir geen geweld teen vroue en kinders.**
- **Dankie vir die reën wat tot dusver geval het.**
- **Plekke in ons land waar dit nog baie droog is.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **2016 UP Proponente**
Neem asseblief kennis: Die volgende proponent se kontakbesonderhede het verlede week per abuis uitgeval in die onderstaande lys:

- ***Eddie Brown*** [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]

Kontakbesonderhede van die proponente wat op 17 November 2016 gelegitimeer is:

- *Bernard Barnard* [072 275 7392; bernard.barnard@hotmail.com]
- *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- *Gerrie Bodenstein* [078 509 6754; oomgerbrand@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]

- *Phil Grabe* [072 660 5230; phil.grabe@gmail.com]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Marian Jordaan* [079 877 8637; marianjordaan2@gmail.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- *Anel Pienaar* [082 069 0494; anel.ferreira@gmail.com]
- *Christo Schoeman* [082 775 4988; cjschoeman777@gmail.com]
- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Nico Smit* [083 409 2132; nicative@gmail.com]
- *Ian Stanton* [072 281 1634; ISianstanton@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- *Anandie Vosloo* [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

❖ Bybel-Media Vakature: Web-joernalis

Bybel-Media en Tydskriftemaatskappy (uitgewer van die Christelike tydskrif, LiG) op Wellington, sal vanaf 1 Februarie 2017 'n vakature hê vir die pos van web-joernalis.
Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die volgende:
• Skep van inhoud vir LiG en Bybel-Media se webwerwe
• Bestuur en administrasie van inhoud op die digitale platforms van LiG
• Hantering van LiG se digitale bemarking na lesers en ander kerkmense.
Die suksesvolle kandidaat moet beskik oor die volgende vaardighede:
• Uitstekende skryf- en joernalistieke vermoëns
• 'n Natuurlike aanvoeling en passie vir die digitale wêreld
• 'n Aanvoeling vir goeie ontwerp, foto's en kleurskemas
• 'n Hart vir die Christelike geloofsgemeenskap
• Kennis van programme soos WordPress, Photoshop en InDesign sal 'n bonus wees.
Stuur 'n kort CV en die name van twee referente na bestuur@bmedia.co.za. **Aansoeke sluit op** *9 Desember 2016***.**

❖ Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Besoek: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

❖ Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help - Kliek hier

❖ Ten slotte

Die meeste mense hak net 'n "Ventertjie"... [Kliek hier]

BYLAES

Nuus uit die kantoor van die Algemene Sinode

Gustav Claassen, Algemene Sekretaris skryf: **Twee prosesse rondom konsep-wetgewing verg kerke en ander geloofsgroepe se dringende aandag en reaksie.**

1. Combating Of Hate Crimes And Hate Speech Bill.

Agtergrond: Minister Michael Masutha het op 24 Oktober 2016 beoogde wetgewing rondom "haatmisdaad" en-"haatspraak" aangekondig. Die doel van die beoogde wetgewing is volgens die minister: *"The recent racist utterances and many other incidents of vicious crimes perpetrated under the influence of racial hate, despite our efforts over the past two decades to build our new nation on these values, has necessitated further measures to uproot this scourge which is reminiscent of our unenviable apartheid past".* Die konsepwetsontwerp se doel is om uitvoering te gee aan die regering se verpligtinge, in terme van die Grondwet, naamlik om gelyke regte te reguleer en diskriminasie te voorkom deur oortredings soos "haatmisdaad" en "haatspraak" te verbied.

Die nuwe beoogde wet strek egter veel verder as wat in die Grondwet omskryf word. Enige kommunikasie, in sy wydste omvang, wat 'n bepaalde persoon of groep laat aanstoot neem, kan volgens die wetgewing inkriminerend wees. Terwyl kerke waardering het vir die aanspreek van "haatmisdaad" en "haatspraak", deel die kerke 'n diep bekommernis oor die breë omskrywing daarvan in die voorgestelde wetgewing. Die breë omskrywing plaas bepaalde geloofsuitsprake deur die kerk of individue in die spervuur. Die wetsontwerp, indien goedgekeur, kan 'n eerste oortreder drie jaar in die tronk laat beland.

Dit lyk of huidige wette teen "haatspraak" in Suid-Afrika voldoende is en bykomende wetgewing in hierdie verband oormatig sal wees. Die implementering van hierdie voorgestelde wetgewing druis in teen ander regte wat deur die Grondwet beskerm word soos die vryheid van spraak en die vryheid van godsdiens. Die wetsontwerp in sy huidige vorm is gebrekkig en neem nie grondwetlike regte behoorlik in ag nie. Meer inligting oor die wetgewing kan hier verkry word deur die skakel "Hate Speech Bill" te volg.

Die aanvanklike teikendatum vir reaksie was 1 Desember 2016, maar uitstel is verleen tot 31 Januarie 2017.

2. CRL Rights Commission's Report On The 'Commercialisation' Of Religion & Abuse Of People's Belief Systems

Agtergrond: Die CRL is 'n artikel 9-instelling, geskep in terme van Hoofstuk 9 van die Grondwet om demokrasie te beskerm en te bevorder, veral in terme van Kultuur-, Godsdiens- en Taalregte. (Ander Hoofstuk 9-instellings sluit die Menseregtekommissie, Kommissie vir Geslagsgelykheid en Openbare Beskermer in.)

Teen die einde van 2015 ontvang die CRL klagtes met betrekking tot 'n pastoor wat mense laat petrol drink en rotte eet. Vandag haal die Doom-profeet weer die voorblaaie. In plaas daarvan om net die betrokke klagtes te ondersoek, loods die kommissie 'n volskaalse ondersoek na die "kommersialisering" van godsdiens en misbruik van mense se geloof.

Die NG Kerk en 85 ander geloofsgroeperings word versoek om voor die kommissie te verskyn en bewyse te lewer van onder andere finansiële bestuur, opleiding en strukture. Die kommissie is baie beïndruk met die NG Kerk se voorlegging maar minder met van sekere ander groepe.
In Oktober 2016 maak die CRL hul bevindinge en aanbevelings bekend. 'n Voorlopige verslag word vrygestel en godsdienstige instellings word drie weke gegee om kommentaar te lewer (tot Vrydag 18 November 2016). In teenstelling met in die media berig is, was daar kommer onder godsdiensleiers by die vergadering in Oktober 2016.

Wat voorgestel word, is 'n ernstige bedreiging vir die vryheid van godsdiens en die vryheid van assosiasie. In baie opsigte druis dit in teen dit waartoe geloofsgemeenskappe reeds ingestem het met die ondertekening van die Suid-Afrikaanse Handves van Godsdiensregte en -vryhede in Oktober 2010 deur die hoofstroomkerke en godsdienstige groepe.

Vanuit 'n grondwetlike oogpunt kan vryheid nie beperk word vir enige rede nie. Daar moet 'n grondige rede wees om godsdiensvryheid te beperk, nie net van diegene wat hulle skuldig maak aan misbruik nie, maar ook die 99% wat nie hul vryheid misbruik nie. Selfs in die geval van 'n oortreding vereis die Grondwet dat minder beperkende wyses soos die handhawing van bestaande wette, verkies moet word om oortredings te hanteer.

Daar kan meer oor die verslag gelees word deur hierdie skakel te volg. **Die sperdatum vir reaksie is uitgestel tot 28 Februarie 2017.**

In die geval van die voorgestelde wetgewing rondom "haatspraak" en "haatmisdaad" en reaksie op die CRL-verslag het kerke probleme ondervind in terme van konsultasie en reaksietyd. In albei gevalle was daar 'n gebrekkige proses rondom behoorlike konsultasie, gegewe die direkte en breë impak op godsdienstige gemeenskappe. Die tyd wat toegestaan is vir reaksie was ook in albei gevalle te kort.

Twee dokumente, wat riglyne bied, word voorberei as reaksie op bogenoemde prosesse. Dit sal vroegtydig beskikbaar gestel word aan gemeentes en individue wat wil reageer. Hopelik sal soveel moontlik gemeentes reageer. Hierdie voorlopige wetgewing en verslag bied groot uitdagings indien dit sou lei tot wetgewing.

Saam in Sy diens

Gustav Claassen
Algemene Sekretaris
Nederduitse Gereformeerde Kerk

Terug

Lees in die laaste *Kerkbode* van 2016 ...

Kerkbode van 2 Desember bevat verkeie bydraes oor en na aanleiding van die Buitengewone Algemene Sinode. Dit stel ook al die nuwe proponente wat na afloop van hulle teologiese studie gelegitimeer is, aan die kerk voor.

Lees verder oor hoe Communitas se Sentrum vir Predikantebegeiding die evaluasie van dominees op ’n opheffende manier doen, en lees oor ‘n Konferensie wat op George gehou is oor die Bybel.

Kerkbode neem ook met ’n oorsig oor die loopbaan van dr Pieter Fourie, afskeid van dié uitvoerende hoof van Bybel-Media wat einde Desember die tuig neerlê.

Jongste Bybelkor-publikasies

Boodskap vir Vandag: ... Die eerste vier boeke in hierdie reeks

- In God se hande
- Bestem vir die liefde
- Die Man in die middel
- Om feestelik te leef

Prys: **R 75,00** elk (BTW en posgeld ingesluit). Reeds beskikbaar.
Elke boek in hierdie reeks is saamgestel uit die gewilde jaardagboek *Boodskap vir vandag* wat in e-boekformaat verskyn het.
Elke titel in hierdie reeks bevat 30 dagstukke oor ’n spesifieke tema. Met elke dagstuk delf die skrywer diep in die Bybel en daag sy lesers uit met interessante stories en Bybelwaarhede wat ’n groot invloed op hulle geloofslewe en spiritualiteit kan hê.
Skrywer: **Carel Anthonissen** was tot in 2016 Direkteur van die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit. Hy behartig tans die Sentrum se werk op Stellenbosch waar hy langer as 20 jaar studenteleraar by die NG Studentekerk was. In dié tyd het hy onder meer navorsing oor die Duitse teoloog Dietrich Bonhoeffer gedoen en deeltyds by die Departement Waarde- en Beleidstudie doseer.

Jongste Jeugfokus (kategese) produkte

Real lewe Take 4 –

Lewe met geloof wat real is

- *Real lewe Take 4* is die vierde en laaste gespreksgids in hierdie reeks vir senior kategese.
- Dit is spesiaal ontwikkel deur die Kategese-taakspan van die Algemene Sinode van die NG Kerk vir die geloofsontwikkeling van graad 7- en hoërskoolleerders.
- Die gespreksgids word aangevul deur die *Huisgeloof-gespreksgids* en die
- Hierdie reeks se fokus op Huisgeloof bemagtig ouers om direk by hulle kinders se geloofsvorming betrokke te raak.

Waaruit bestaan die Real lewe-pakket?
1. Die **Real lewe-gespreksgids** vir die jongmense wat hulle by elke ontmoeting by die kerk gebruik. [Prys: R 55,00 BTW en posgeld ingesluit]
2. Die **Huisgeloof-gespreksgids** met vrae wat by elke ontmoeting aansluit en waaroor gesinne by die huis kan gesels. [Prys: R 40,00 BTW en posgeld ingesluit]
3. ‘n **DVD** met die volgende daarop: [Prys: R 130,00]
* ‘n Volledige leiersgids vir elk van die 29 ontmoetings
* ‘n Verskeidenheid gedrukte hulpmiddels vir sommige ontmoetings
* ‘n Verskeidenheid videosnitte en klanksnitte vir sommige ontmoetings.

Wow, dis waar! – Jaar 5

Hierdie produkreeks bestaan uit drie komponente:
• **Junior werkboek** vir graad 1-3)
• **Senior werkboek** vir graad 4-6) Prys: R 65,00 elk – BTW + posgeld ingesluit. + Aanbiedersgids op **CD** – [Prys: R 330,00]

- Eenvoudige aanbieding
- Een leiersgids vir graad 1-6 (Snr en Jnr – groepe)
- Volledige opsomming van die hoofpunte en besonderhede van elke ontmoeting
- Alle bykomende hulpmiddels
- Integrasie met huidige LP3-inhoud en –komponente
- Gemeentes mag aanbiedersgids vir groepleiers uitdruk

Hierdie kategese-reeks is spesiaal ontwikkel deur die Kategese-taakspan van die Algemene Sinode met die oog op die geloofsvorming van **laerskoolleerders** (graad 1 - 6).

Vakature: Web-joernalis

Bybel-Media en Tydskriftemaatskappy (uitgewer van die Christelike tydskrif, LiG) op Wellington, sal vanaf 1 Februarie 2017 ’n vakature hê vir die pos van web-joernalis.

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die volgende:
- Skep van inhoud vir LiG en Bybel-Media se webwerwe
- Bestuur en administrasie van inhoud op die digitale platforms van LiG
- Hantering van LiG se digitale bemarking na lesers en ander kerkmense.

Die suksesvolle kandidaat moet beskik oor die volgende vaardighede:
- Uitstekende skryf- en joernalistieke vermoëns
- 'n Natuurlike aanvoeling en passie vir die digitale wêreld
- 'n Aanvoeling vir goeie ontwerp, foto's en kleurskemas
- 'n Hart vir die Christelike geloofsgemeenskap
- Kennis van programme soos WordPress, Photoshop en InDesign sal 'n bonus wees.

Stuur 'n kort CV en die name van twee referente na bestuur@bmedia.co.za. Aansoeke sluit op 9 Desember 2016.

Bybel-Media: Dankie-sê-dag

Vrydag 25 November was 'n baie spesiale dag. Die geleentheid is gevier saam met medewerkers, diensverskaffers, studente, donateurs en personeel. Alle besoekers is aan die verskeidenheid van aktiwiteite in die Ferguson-gebou blootgestel. Dit was ook 'n goeie geleentheid om die nuutontwerpte logo-reeks van Bybel-Media bekend te stel.

Totsiens 2016 ... en Welkom 2017!!

Die jaar 2016 loop vinnig uit. Dit was 'n vol jaar met besondere momente. Bybel-Media wil graag ***dankie-sê*** aan elkeen wat meegewerk en gehelp het om dit 'n besondere jaar te maak.
Dankie ... vir gemeentes se ondersteuning, lidmate se betrokkenheid, vir baie geleenthede om by gemeentes, sinodes en groepe Bybel-Media se aktiwiteite, publikasies en produkte te kon bekendstel.
Ons nooi graag gemeeentes uit om vir **2017** vroegtydig reëlings te tref vir optredes, uitstallings, inligtingspamflette, katalogusse en moontlike preekgeleenthede/ bekendstellingsgeleenthede van BM.
Skakel 021 864 8223 of e-pos na: hans@bmedia.co.za - ek help graag.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Bybel-Media Handel wil graag almal vóór Kersfees só goed moontlik bedien.
- Oor die Kerstyd is ons winkel (en e-winkel) en bestel-afdeling vanaf 23 Desember 2016 gesluit.
- Vanaf **3 Januarie 2017** pak ons die nuwe jaar met ywer en goeie diens.

Terug

VBO nuut en geïntegreerd

Sertifikaat in Bedieningsvernuwing ontwikkel deur die VBO-taakspan in samewerking met Communitas, Excelsus en *Shepherd*

André Bartlett, *Hoof van Excelsus skryf soos volg*: "... Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling aan die Fakulteit Teologie by UP) het in 2014 in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch 'n **Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing** geloods.
Dit is 'n intensiewe kursus wat bedoel om predikante te help om op 'n dieper en meer grondige vlak geheroriënteer te word ten opsigte van hulle bediening.
Die kursus word in die formaat van nege blokke (van 3 dae elk) oor die loop van drie jaar aangebied. (Sien aangehegte bekendstellingspamflet). Persone wat inskryf, verbind hulle vir die volle drie jaar van die kursus en woon 3 kontaksessies per jaar by.
Ons probeer die koste so laag as moontlik hou en vra R 830-00 per module (wat kursusmateriaal, 2 middagetes en 3 dae se verversings insluit). Betaling geskied per module, maar kan ook per jaar (dws R 2 490-00) of vir die hele kursus vooruit (dws R 7 470-00) betaal word.
Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf 180 VBO-punte (dws 60 punte per jaar).
Die eerste jaargroep het reeds in 2014 met die eerste drie modules begin en het vanjaar die laaste modules afgehandel. Die tweede jaargroep het in 2015 begin met die eerste drie modules en het vanjaar modules 4, 5 en 6 afgehandel.
Ons is besig om 'n derde groep predikante saam te stel wat in 2017 met die eerste 3 modules sal begin.
Die voorlopige datums vir die eerste drie modules is:
- 28-30 Maart 2017
- 23-25 Mei 2017

- 15-17 Augustus 2017

Indien jy belangstel om deel van die kursus te wees, kan jy vir Rika van Rensburg kontak by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738 (08:00 – 13:00) of die aangehegte inskrywingsvorm voltooi en aan stuur na excelsus@up.ac.za."

Nege modules versprei oor 3 jaar:	
Jaar 1	
Module 1	Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan
Module 2	Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?
Module 3	Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie
Jaar 2	
Module 4	Oor Identiteit – wie is ons en waar pas ons in?
Module 5	Oor Bediening en geestelike leierskap – die hart van predikantswerk
Module 6	Oor Bediening en Geestelike Formasie – hoe mense gevorm word vir dissipelskap en diens
Jaar 3	
Module 7	Oor Missionêre Gemeentes – hoopvol en energiek vir ons roeping
Module 8	Oor die Erediens en Prediking – hoe ons die storie van die evangelie glo, vier en vertel
Module 9	Oor Gemeenskap – om koinonia en diensbaarheid in gemeentes te versterk

Verwerf **180** VBO-punte (60 punte per jaar)

Die eerste drie modules word op die volgende datums in Pretoria aangebied:

- Module 1 28-30 Maart 2017
- Module 2 23-25 Mei 2017
- Module 3 15-17 Augustus 2017

Koste: R830,00 per module (R7 470,00 vir die volle 3 jaar)

Vir meer besonderhede kontak Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738

Terug

Inskrywingsvorm

Gevorderde Sertifikaat in Bedieningsvernuwing (GSB)

Module 1	**Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan.**	**28-30 Maart 2017**
Module 2	**Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?**	**23-25 Mei 2017**
Module 3	**Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie.**	**15-17 Augustus 2017**

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Titel, Voorletters en Van:			
Identiteitsnommer:		**Noemnaam:**	
Telefoon (Huis):		**Selfoon:**	
E-pos:			
Huidige gemeente:		**Sinode**	

Kursusgangers is self verantwoordelik vir akkommodasie

Spesiale dieet	**Vegetariër**		**Diabeet**		**Ander**	

Sluitingsdatum: 14 Maart 2017
Kursusfooi: R830.00 per persoon per module of R2 490,00 per jaar of

R 7 470-00 vooruit vir die hele kursus.

Bankbesonderhede		Posadres
Begunstigde (Maak tjeks uit aan):	**TSO**	**Excelsus** **Posbus 12100** **HATFIELD** **0028**
Bank:	**ABSA**	
Tak:	**PRETORIA**	
Takkode:	**632005**	
Rekeningnommer:	**142 0830 463**	
Verwysing by direkte inbetalings (Bank of Internet):	**Gebruik asseblief die kursusnommer en u naam as verwysing,** **Bv: GSB3 Naamenvan**	
E-pos aan:	**excelsus@up.ac.za**	

U inskrywing word geldig wanneer die inskrywingsvorm TESAME met die betalingsbewys ontvang word

SLEGS VIR
KANTOORGEBRUIK:
Verwysingsnommer:
.....

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Pieter Berrange*** *[082 925 3634, dspieterberrange@gmail.com]*
- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

Teologiese studente en proponente:

** Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook leraars wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.*

Ten slotte

Terug